Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron

Hersiene besluit van die Kerkraad van die NG Kerk Heilbron rakende die opskorting van ons verband met die Algemene Sinode en sekere ander kerkvergaderinge wat dwaalleer ondersteun

Na deeglike besinning en kerkregtelike advies is die volgende revisiebesluit tydens die wettig gekonstitueerde kerkraadsvergadering van die NG Kerk Heilbron op 26 Mei 2024 geneem.

1. Die Kerkraad van die NG Kerk Heilbron besluit om ons verband met die Algemene Sinode asook alle ander kerkvergaderings wat in woord en daad die on-Skriftuurlike besluite van die Algemene Sinode steun, op te skort.
   Ons verwys spesifiek na on-Skriftuurlike besluite soos die Sinode se besluite oor onder meer: selfdegeslagverhoudinge (2015, 2019 en 2023); buite-huwelikse seks; buite-egtelike saamwoon; kerklike bevestiging van burgerlike verbintenisse; opstel van 'n kerklike formulier vir burgerlike verbintenisse deur leraars van die NG Kerk; asook kondonering van die dwaalleer dat Satan nie werklik 'n persoonlike wese is nie, en nog meer soortgelyke on-Skriftuurlike dwalinge en besluite.

2. Die NG Kerk Heilbron is en bly net soos voorheen nog steeds die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron.
   - Hierdie besluit tot opskorting van sekere kerkverbande verander niks aan ons huidige naam of identiteit as NG Kerk Heilbron nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron staan steeds gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-en-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls. (Kerkorde artikel 1). Dit is juis getrouheid aan hierdie belydenisse wat ons dring om in woord en daad alles wat daarmee in stryd is te verwerp.
   - Hierdie opskorting van verband moet nie vertolk word as 'n vorm van wegbreek of skeuring nie maar eerder as 'n oproep tot bekering en reformasie terug na gehoorsaamheid aan die Woord en 'n lewe volgens ons gereformeerde Belydenisse.
   - Die woord "opskorting" is dus doelbewus gekies met die hoop en gebed dat ons hierdie opskorting op die regte tyd weer kan herroep. Dit moet dus eerder gesien word as 'n vorm van onderlinge tug en vermaning.
   - Die herstel van hierdie kerkverbande kan stap vir stap gebeur soos wat die gemeentes en kerkvergaderings terugkeer na die suiwer leer volgens die Here se Woord.

3. Ter wille van totale deursigtigheid sal hierdie besluite twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgelê word vir approbasie waarna dit geldig sal wees.
4. Oor die praktiese implimentering van hierdie besluite sal die kerkraad stap vir stap besluit na gelang van die betrokke gemeentes en kerkvergaderinge se omstandighede en samewerking. Die kerkraad onderneem om die implimentering so te reël dat die kerk se geestelike werk na binne en buite sover moontlik nie sal skade ly nie. So sal waar van toepassing ons normale finansiële ondersteuning vir bv. sendingwerk, evangelisasie, barmhartigeid en diakonale werk steeds op 'n pro-rata basis direk aan die betrokke instansies oorbetaal word.

.....
Voorsitter/~~skriba~~
Kerkraad van NG Kerk Heilbron

Datum: 26 Mei 2024